



# Vrotpootjie in skape: 'n Doring in die vlees

Deur Anri Strauss, tegniese adviseur: herkouers, Chemunique

**H**oewel daar baie redes is waarom skape hoofprobleme ontwikkel, is vrotpootjie verseker die onaangenaamste oorsaak daarvan. Dit word veroorsaak deur die bakterie, *Dichelobacter nodosus*, wat hoogs aansteeklik is.

As 'n dier sagte hoewe het as gevolg van vog, of seertjies op die hoewe en weefsel rondom die hoewe het weens bosluisbyte, snytjies of skeurtjies, kan bakterieë die weefsel binnedring. Die siekte gaan dan deur drie fases, wat elk sy eie gevolge inhou (Figuur 1):

- **Fase 1:** Die voet begin swel en veroorsaak pyn en mankheid.
- **Fase 2:** 'n Breuk van die interdigitale vel vind plaas.
- **Fase 3:** Abnormale groei van weefsel kom op die interdigitale vel voor.

Gewoonlik kan 'n mens reeds in Fase 1 sien dat die dier ongemaklik is. Ongelukkig is

die eerste gedagte gewoonlik dat die dier dalk seergekry het en word dit dikwels vir 'n dag of twee gelos om te sien wat gebeur. Dit gee die siekte egter die nodige tyd om na Fase 2 te beweeg, waar die groot probleme begin. Die dier is dan baie ongemaklik en benodig aggressiewe behandeling om te herstel.

### Behandeling van vrotpootjie

Behandeling behels die wegknip van die geaffekteerde gedeeltes aan die hoewe, waarna die dier in 'n voetbad met die nodige ontsmettingsmiddels staan. Ontsmettingsmiddels soos sinksulfaat of formalien word algemeen gebruik en die hoewe moet vir minstens twee minute met die ontsmettingsmiddel in kontak wees. Hierdie stap word daaglik herhaal tot daar wesenlike vordering is.

Die gebruik van antibiotika en pynmedikasie word ook in hierdie tyd voorgeskryf. Die kuddeveearts sal help met die besluit oor watter middels gebruik moet word. Indien die dier nie vordering


toon nie sal sy geprul moet word, wat tot onnodige uitgawes op die plaas bydra.

### Voorkomende bestuur is die sleutel

Die beste behandeling bly egter steeds voorkoming. Die volgende stappe kan gevolg word om vrotpootjie te voorkom:

- Koop slegs diere vanaf betroubare telers en plaas ingekoopte diere vir ten minste 30 dae in kwarantyn.
- Vermyn krale wat nat en vol modder is. Diere moet liefies op droë plekke staan en slaap.
- Behandel nat krale met landboukalk. Die bakterieë kan nie in 'n alkaliese omgewing oorleef nie.
- Plaas alle aangetaste skape vir minstens 30 dae in kwarantyn tot hulle herstel het.
- Maak seker dat diere genoegsame vitamien en minerale inkry. Minerale soos sink en koper is baie belangrik om die hoewe gesond te hou. Dit bevorder ook 'n sterk immuunstelsel, wat die dier sal help om die bakterieë te beveg.
- Diere se hoewe moet gereeld geknip en in 'n goeie kondisie gehou word.
- As deel van 'n voorkomingsprogram kan diere gereeld deur 'n voetbad loop. Die voorgestelde minimum is elke 30 dae.

**Figuur 1: Die fases van vrotpootjie in skape. (Bron: Cattle Lameness: Identification, Prevention and Control of Claw Lesions, Zinpro Corporation)**



Veeprodusente moet besef dat die uitroei en bestuur van vrotpootjie harde werk en 'n langtermynproses is, maar sukses kan behaal word deur 'n gesonde voorkomingsprogram te volg.

Die bestuur van vrotpootjie hou finansiële voordele asook voordele vir diere se welstand in. Gesonde diere kan optimaal produseer en weer geld inbring, so die grootste doelwit is om diere gesond en gelukkig te hou. **VP**

Vir meer inligting, kontak Anri Strauss by 073 012 2595 of [anri@chemunique.co.za](mailto:anri@chemunique.co.za).

